





## KINDERHOEKIE

Lees  
Lukas 19:1-10

### JESUS GAAN BY SAGGEUS KUIER

Maats, lees die skrifgedeelte en voltooi dan die ontbrekende letters van die woorde hieronder in die blokraaisel. Daarna kan jy die prent mooi inkleur.

Saggeus  
Jerigo  
Afgepers  
Verlore  
Wildevyeboom  
Blydskap  
Vierdubbel  
Hoof tollenaar  
Redding  
Red



**SUIDERKRUIS**  
'n Gemeente vir Oud en Jonk

**ONDER ONS**

Redaksie: Ds Tiaan Mostert, Elize van Niekerk en Hester de Beer

Tel & Faks 018 294 7939  
E-pos: elize@suiderkruis.com  
Web: www.suiderkruis.com  
Facebook: Suiderkruis Gemeente Potchefstroom

15 JANUARIE 2023

### DAGBOEK VANDAG

08:00 Koffie en tee in die foyer  
09:00 Oggenddiens  
Teks: Lev 6  
Tema: Die Sondebok!  
10:00 Koffie en tee in die foyer

### SONDAG 22 JANUARIE

08:00 Koffie en tee in die foyer  
09:00 Oggenddiens  
10:00 Koffie en tee in die foyer

### HERE ONS GOD ...

Hier aan die begin van die nuwe jaar wil ons geborgenheid en troos by U kom soek. Daar is so baie dinge wat ons nie weet nie, so baie dinge wat vir ons nuut sal wees in die nuwe jaar, dinge wat op ons wag. Dankie dat U weet wat dit is, Here. Dankie dat U voor ons uitgaan, en agter ons aankom. Dankie dat u liefde en trou ons omring, dat U ons bewaar, dat ons skulling by U kan vind, troos daarin kan vind dat U die Almagtige is, dat U van ewigheid tot ewigheid God is. Dankie dat U vanjaar opnuut weer u ewige arms oopmaak om ons te versorg. Dankie dat ons rus kan vind by u altare, Here van die Leërskaer. Wil U ons dan in hierdie jaar toevou in u liefde, ons geloof versterk deur u Gees en ons hoop gee deur u Woord. Amen.

– Jaco Thom



*Ek wil u lof verkondig,  
my God en Koning,  
ek wil u Naam altyd loof.  
Elke dag wil ek U loof,  
ek wil u Naam  
altyd prys.*

PSALM 145:1-2



### GEBEDSLYS

Bid asb vir:  
Hospitaal

- Anneke Noeth

Onse Vader wat in die hemele is,  
 laat u Naam geheilig word;  
 laat u koninkryk kom;  
 laat u wil geskied,  
 soos in die hemel net so ook op die aarde;  
 gee ons vandag ons daaglikse brood;  
 en vergeef ons ons skulde,  
 soos ons ook ons skuldenaars vergewe;  
 en lei ons nie in versoeking nie,  
 maar verlos ons van die Bose.  
 Want aan U behoort die koninkryk en die krag  
 en die heerlikheid tot in ewigheid.  
 Amen.

**GEBED, TOEWYDINGS- EN AANMELDINGSWEEK:  
 15-21 JANUARIE 2023**

Die inwoners van die stad Stuttgart in Duitsland het tydens die tweede wêreldoorlog swaar gely. Bomme het om hulle geval, hulle stad is in puin gelê, mense het groot verlies gely, talle het gesterf en alles was besig om in duie te stort.

Dit was toe dat 'n predikant met die naam Helmuth Thielicke sy verslae gemeente probeer help het om sin van alles te maak. Week vir week, soms terwyl die bom sirenes loei, het Hy uit die onse Vader gebed 'n reeks troosboodskappe gebring. Later is die reeks in boekvorm gepubliseer en ook in Afrikaans vertaal met die titel: *Die gebed wat die wêreld omspan*.

Vanjaar gaan ons weer saam kyk en dink oor hierdie gebed wat die wêreld omspan. Dit gaan ons help om ook in ons gebede, rondom temas wat daarby aansluit te bid vir hierdie wêreld in sy nood, verloreheid en stukkendheid.

Ons gaan ook bid vir onself, die gemeente, die kerk. Die kerk wat gestuur is en voortdurend in die wêreld uitgestuur word om getuies te wees – deur dienslewering en deur woordverkondiging, deur geregtigheid vir mens en skepping na te streef, en deur die uitleef van ons eenheid op so 'n wyse dat dit die wêreld sal laat glo.

Die reeks begin deur te fokus op God. Ons gaan bewus word van wie Hy is, en ook wat die grondslag van ons gebede is.

Dan gaan ons verder kyk hoedat dit wat ons bid, ons lewens ook raak en verander.

Miskien vind ons in dit alles nuwe hoop en vrede, wanneer ons opnuut besef watter wonderlike God ons aanbid.

**TEMAS VIR DIE WEEK VAN GEBED:**

- Sondag: Tema 1:** Ons Vader wat in die hemel is
- Maandag: Tema 2:** Laat U Naam geheilig word
- Dinsdag: Tema 3:** Laat U koninkryk kom, laat U wil ook op aarde geskied, net soos in die hemel
- Woensdag: Tema 4:** Gee ons vandag ons daaglikse brood
- Donderdag: Tema 5:** Vergeef ons, ons skulde
- Vrydag: Tema 6:** Lei ons nie in die versoeking nie maar verlos ons van die bese
- Saterdag: Tema 7:** 'n Gebed vir die bidder



- In 2023 gaan ek nie my laat beïnvloed deur verbitterdes en hooploses nie. Hoopvolle mense wat die Here ken en dien, gaan my mentors wees. Ek praat van daardie klein groepie gelowiges wat in die taal van Romeine 5 te midde van hooploosheid glo en vasbyt. Ek gaan by hulle leer om dieselfde te doen.
- In 2023 gaan ek nie fokus op alles wat is verkeerd in die wêreld en in die kerk nie. Ek gaan kies om daardie dinge raak te sien wat is reg op God se front.
- In 2023 gaan ek nie ander mense afkraak of uitbuit tot my eie voordeel nie. Gedurig gaan ek die Here vra om my hart sag te maak sodat ek ander mense sal dien en te respekteer.
- In 2023 gaan ek nie myself doodjaag na wie weet wat toe nie. Ek gaan elke dag doen wat ek moet doen. Ek gaan elke aand rustig slaap, soos wat Psalm 3 en Psalm 4 my leer om te doen.
- In 2023 gaan ek in die taal van Josua 24:15 kies om die Here te dien saam met my familie. Daarom weet ek by voorbaat dit gaan 'n goeie jaar wees.

**-Stephan Joubert [eKerk]**

**VERJAARSDAGLYS**

- Vandag:** Veronica van Tonder
- 16 Januarie:** Coenie Nel (90jr), Johan van Aswegen, Marietjie van Breda
- 17 Januarie:** Jimmy Duncan (86 jr), Marie Marx, Hannes Meintjies
- 18 Januarie:** Amelia Erasmus, Dieter Stoppel
- 19 Januarie:** Johline Steenkamp, Theuns Louw
- 20 Januarie:** Geen verjaarsdae
- 21 Januarie:** Jan-Lucas Kanen, Hannes Prinsloo, Lize-Mari Smit



**GELIEFDES, ONS MOET MEKAAR LIEFHÊ, ...**  
*Want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God – 1 Johannes 4:7.*  
 Daar is 'n ou legende oor iemand wat die hemel en die hel besoek het. In die hemel én in die hel was daar tafels wat met allerlei heerlike kossoorte gedek was. Die probleem was egter, op albei plekke was die enigste beskikbare eetgerei lepels wat langer as 'n mens se arm was. Gevolglik kon niemand die self kos in hulle monde kry om daarvan te geniet nie. Die besoeker het egter opgemerk dat almal in die hemel versadig was, maar in die hel was almal uitgeteer. Waarom? Omdat almal om die tafels in die hemel mekaar gevoer het.  
 Dié legende verwoord een van die wesenskenmerke van die Christelike lewe: Ons leef nie ter wille van onself nie. Ons leef ook nie net ter wille van ander nie. Ons kan ander immers dien sonder om in 'n ware verhouding met hulle te staan. Die wesenskenmerk van die Christelike geloof is dat ons in 'n opregte liefdesverhouding met mekaar leef. En hierdie verhouding impliseer die vermoë om liefde te kan gee én liefde te kan ontvang. *Vader, leer my om ander in liefde te dien. Help my ook om die liefde van ander te aanvaar. Amen.*

**DEURLOPENDE FONDSINSAMELINGSPROJEKTE**

- R2-projek: Vat 'n pilbotteltjie in die portaal, vul dit met R2-stukke en gooi in die kollekesakkie.
- Koperkruik-projek: Gooi al u "oorbodige" koper in die kruik wat in die voorportaal staan.
- 2e-Handse snuffelwinkel: Indien u enigiets het wat tuis in die pad is, skenk dit asb vir ons gemeente se winkeltjie. Kom kyk gerus ook wat alles in die winkel is. Jacoba Ras is in beheer van die winkel [0729005005].
- Mandjieprojek – Elize

**Hoe gelukkig is 'n mens  
 wat wysheid vind,  
 en 'n mens wat verstandigheid verkry!  
 Ja, die wins wat wysheid lewer,  
 is meer as dié van silwer,  
 meer as dié van goud  
 is haar opbrengs.  
 Sy is kosbaarder as koraal;  
 niks wat jy begeer,  
 kan met haar vergelyk word nie.  
 Die begin van wysheid  
 is ontsag vir die Here,  
 en kennis van die Heilige is insig.  
 [Spr 3:13-15 & 9:10 (2020 vertaling)]**

**METODES VAN DANKOFFERINBETALINGS**

Debietorder-opdrag & koeverte is in die voorportaal beskikbaar.

Yoco Kaartmasjien  
 Elektroniese betaling:  
 EFT of Zapper  
 Bankbesonderhede:  
 NG Kerk Potch-Suid  
 Absa Tjekrekeningnr 680580049  
 Takkode 632005



U is welkom om enige van die metodes te gebruik om u dankoffer in te betaal.



<b>Ek wil my debietorder verhoog, kontak my asb.</b>	<b>Naam:</b> .....
	<b>Selno:</b> .....